God sorg vir ons

1 Pet. 5:7 - "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

God het nie alleen die aarde geskep nie, maar Hy onderhou dit ook. Hy sorg elke dag vir ons en so kan ons weet dat ons nie alleen ons lewensprobleme hoef uit te sorteer nie. Bekommernis los geen probleem op nie, maar dit is verlammend en los ons telkens met 'n verleentheid as eindproduk. Waarom sou ons ons kwel en bekommer as ons weet dat ons 'n Almagtige God het wat vir ons sorg en ons onderhou en ons nooit alleen sal los nie? Hy het ons die grootste geskenk van alle geskenke gegee, naamlik Sy Seun. Net so sal Hy ook voorsien in die dinge wat ons elke dag nodig het.



Franna Cillie

"Solank daar nog hoop is, is dit net die lafaard wat moed opgee."
Bertrand Russel

Lewe en Hoop

Deel van Rippel 90.5 se missie en visie is om aktuele en interessante programme aan te bied wat informatief en opbouend van aard is. Die program: *Lewe en Hoop* leen hom uitstekend daartoe om ook aan die gestremde 'n spreekbuis te bied, waar meer inligting rondom verskillende tipe gestremdhede, prestasies, volharding en uitdagings bespreek word.

Persone met gestremdhede is deel van die gemeenskap en die werksplek, en is in soveel gevalle 'n inspirasie vir ander mense. Min van ons deel werklik eerstehands in hul suksesverhale. Rippel 90.5 bied nou aan luisteraars die geleentheid om die lesse van sukses en volharding hul eie te maak. Die program is te wyte aan die inisiatief van Stef Potgieter, wat self na 'n ongeluk sy bene verloor het.

Interessante en kleurvolle persoonlikhede het die afgelope sewe maande die Rippel 90.5-ateljee besoek. Onder die gaste was die Downsindroom-vereniging van Pretoria, die Retinastigting van Suid-Afrika, 'n kenner oor outisme, gehoorgestremdes, die Gidshondvereniging en die Raad vir Blindes. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Rippel.90, het 'n gebaretaaltolk die wêreld van die dowe geïnterpreteer deur die ervarings en inisiatiewe van die eienaar van Mej. Dowe Suid-Afrika. Die enigste dowe gemeente in Pretoria het ook onder die kollig gekom. Sportpersoonlikheid en Paralimpiese medaljewenner, Fanie Lombaard, het met sy skerp sin vir humor en verhaal van deursettingsvermoë die luisteraar bemoedig. Inligting oor die minder bekende Marfansindroom is ook deur Laurna Hicks met die luisteraar gedeel.

Lewe en hoop is nie net 'n program vir die gestremde nie, maar dien as inspirasie vir oud en jonk. Die program word Woensdae om 10:00 aangebied deur Elsie Bornman en Stef Potgieter.

-Elsie Bornman

Elsie Bornman en Stef Potgieter by Fanie Lombard, goue en brons medalje wenner by diePara-Olimpiese Spele 2008 tydens die program "Lewe en hoop:"

Loftus vir Jesus

Elsie Bornman in die uitsaaihokkie vanwaar Rippel 90.5 regstreeks uitgesaai het tydens "Loftus vir Jesus " op 19 Julie 2008, met 'n uitsig oor meer as 71 000 mense wat die geleentheid bygewoon het.

Vir jare was dit 'n droom vir baie by Rippel 90.5 dat ons Loftus Versveld vir Jesus sou volmaak! Die behoefte was om geestelike eensgesindheid en samehorigheid te kon ervaar en beleef, en om Pretoria vir ons Koning te kon proklameer.

Toe die nuus breek dat Loftus wel bespreek is vir 19 Julie 2008, het ons geweet dat daar 'n groot Plan op die tafel is vir Sy Koninkryk. Boonop was dit Angus Buchan wat die leiding sou neem en daarna was alles geskiedenis. Binne 'n japtrap was al die kaartjies uitverkoop en een na die ander het groot besighede betrokke geraak om die uitgawes te dek.

Die aftel van die laaste paar dae voor die geleentheid het 'n onbeskryflike energie en opgewondenheid Pretoria getref. Logistiese reëlings is gefinaliseer, die verhoog word gebou en die vloer op die veld word gelê. Die kersie op die koek is dat Rippel 90.5 een van drie radiostasies word wat regstreeks van Loftus kon uitsaai!

Elsie Bornman en Pieter de Necker het regstreeks op die lug met mense van heinde en verre gesels oor hul verwagting van die dag. Almal was dit eens dat hul verwagtings oortref is met wat hulle sien en beleef. Groepies het bymekaar gesit, hande vasgehou en gebid. Sommige het gestaan en luidkeels met Retief Burger, Louis Brittz en Juanita du Plessis lofprysing- en aanbiddingsliedere gesing. Klein kindertjies het gesê dat hulle daar is omdat hulle "Jesuskindertjies" is en dat hulle baie lief vir Hom is. 'n Groep motorfietsryers het spesiaal van Middelburg gekom en laat blyk dat hul nie eens bewus was van die program en spreker nie en dat hulle slegs gekom het vir Naam van Jesus. 'n Ander groep het vertel dat hulle al 'n week van tevore by Loftus bymekaar gekom het om spesifiek vir die leiding van die Heilige Gees vir Angus Buchan in te tree.

Kort voor die aanvang van die hoofprogram het Louis Brittz aan ons genoem dat hy so klein voel voor ons Hemelse Vader en dat hy ongelooflik bevoorreg is om by die geleentheid betrokke te kan wees. Vroeg die ogggend van 19 Julie arriveer die talle vrywilligers en stalletjie-eienaars. 'n Onbeskryflike atmosfeer het tussen die mense geheers. Almal vriendelik, met 'n kalmte en vrede wat net deur die Gees kon geskied. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Loftus is almal aan dieselfde kant!

Anne Boyes en Hennie Koortzen het vroeg al agter die mikrofoon ingeskuif en het met groot afwagting die minute afgetel! Die hekke het geopen en die see van mense het die stadion begin vul. Wat 'n gesig was dit nie! Prys die Here! Al die vlae, baniere en *Loftus vir Jesus*-klere het getuig van die feit dat NIKS iemand sou keer om Sy Naam te bely nie.

Oom Angus… 'n Man wat nie skroom om ons drie-enige God te bely en sy Liefde, Vrede en Hoop aan ons oor te dra nie. Toe die eertse "Amen" van die skare mense deur die stadion dreun, kon jy kwalik jou emosie beteuel! Deur murg en been het die Woord gesny en harte is in 'n ploegland verander om die Saad te ontvang! Ons Prys die Here vir die Saad wat in die Naam van Jesus tot volle wasdom sal groei en vrug dra! Toe Loftus soos een man op hul knieë sak voor God het ons geweet : Elke knie SAL buig en elke mond SAL bely dat Hy alleen God en Koning is van ons pragtige land en heelal. Aan die einde van die verrigtinge was woorde min, want elkeen wou vasklou aan die Oorvloed, Seën en Beloftes uit die Woord wat ons broodnodig gehad het.

Al die eer aan ons Vader!
Amen.

-Elsie Bornman

Wat gebeur met die lisensie?

Dit is 'n vraag wat van tyd tot tyd op menige ondersteuner se lippe is!

Rippel 90.5 het op 1 Oktober 2003 van ICASA (The Independent Communications Authority of SA) verneem dat sy permanente lisensie, saam met 16 ander stasies in Gauteng, nie toegeken is nie.

Die hooggeregshof in Pretoria het 9 maande later 'n interdik toegestaan wat Rippel 90.5 magtig om aan te hou uitsaai tot die finale beslissing deur die hof gegee is.

> Sedertdien is die stasie in 'n duur regsaksie met ICASA gewikkel wat tot op hede meer as 'n half miljoen Rand beloop het. Nog geen hofsake het plaasgevind nie – dit was nog slegs regskorrespondensie tussen Rippel 90.5 se regspan (Rooth Wessels Motla Conradie) en die regspan van ICASA.

In November 2007 het Rippel 90.5 en ICASA ooreengekom om die saak – op sekere voorwaardes - buite die hof te skik. Dit impliseer dat Rippel 90.5 al sy regskostes sal moet afskryf. Dit was 'n groot besluit, maar die Raad en bestuur van Rippel 90.5 moes dit so aanvaar. Die hof het bepaal dat ICASA binne 5 maande 'n herverhoor oor die aanvanklike 7 redes, waarom dié radiodiens se lisensie afgekeur is, moet hou.

Sedert November 2007 tot op hede het Rippel 90.5 nog geen woord of antwoord van nòg ICASA of hulle regspan op enige van ons korrespondensie gekry nie. Die saak moes reeds geskik gewees het teen einde Maart 2008.

Intussen, in September 2008, het ICASA 'n moratorium in die Staatskoerant laat publiseer op alle nuwe aansoeke, ou lisensiekwessies, senderveranderings of uitreiking van enige verdere uitsaailisensies – tot verdere kennisgewing.

'n Paar jaar gelede het daar 'n nuwe televisiekanaal tot die Suid-Afrikaanse Uitsaaiwese toegetree: M-Net. Toe verander die SA se spoorweë hulle naam na Spoornet. En toe kry jy ook Transnet. Nog 'n nuwe TV-kanaal het bygekom: Kyknet. Nou is daar 'n moratorium op die lisensies – Wagnet!" sê Kobus Rudolph, Hoof Uitvoerende Beampte van Rippel 90.5.

Rippel 90.5 is steeds daartoe verbind om die beste moontlike diens aan die gemeenskap van groter Pretoria, asook Centurion en omgewing te lewer.

Dit bly egter 'n riem onder die hart om te weet dat die gemeenskap soos een man agter die radiostasie staan. Rippel 90.5 is genoodsaak om van tyd tot fondsinsamelingsprojekte te loods ten einde die regskostes te dra. Tydens die laaste *Radiothon* wat vir dié doeleindes gehou is , het die luisteraars hulle beursies wyd oopgemaak en is meer as R290 000,00 ingesamel. Almal by Rippel 90.5 is dankbaar vir die gemeenskap se ondersteuning. Die luisteraars se positiewe gesindheid en bydraes is Rippel 90.5 se dryfkrag in die stryd.

Rippel 90.5 is van plan om nog vir baie lank rippels te maak in groter Pretoria en Centurion – want ons is "Die hartklop van ons stad!"

"Bly bid en glo!", bemoedig Kobus Rudolph.

-René Ehlers



...Opgradering is nie vir sussies nie...



Nuwe Lewe Ingeblaas!

Met bietjie professionele advies hier en daar en die eindresultaat is 'n pragtige nuwe ontvangs en nuwe toegeruste ateljee vir Rippel 90.5

Die afgelope paar maande het dinamiese veranderinge by Rippel 90.5 plaasgevind! 'n Vars bries van vernuwing het nog meer lewe in dié radiodiens geblaas! Rippel 90.5 is in rep en roer sedert die korporatiewe indentiteit hersien is. Al die personeel kon stem vir 'n nuwe logo. Die logo en nuwe promosiemateriaal is op 1 Augustus tydens Rippel 90.5 se 13de verjaardagviering by 'n spogfunksie onthul. Dié feestelike gebeurlikhede het by die Mocha Restaurant, Botaniese Tuin plaasgevind.

Rippel 90.5 spog ook met 'n opgegradeerde ateljee, nuwe moderne toerusting wat al sedert einde verlede jaar in gebruik is. Die opgraderings het ook die kwaliteit van die produk in meer as een opsig verbeter. Almal by Rippel is baie trots op die nuwe ateljee én die uitsending klink sommer beter.

Kobus Rudolph, Uitvoerende Beampte – Rippel 90.5 en Johan Laas, internasionaal bekende komponis en musikant het ure spandeer om nuwe klingels te maak. Dit het hulle beslis met groot sukses gedoen! Die nuwe klingels gee 'n vars klank aan die radiostasie en is op 6 Oktober 2008 vir die eerste keer op die luggolwe uitgesaai. Luisteraars het uit alle oorde daarop reageer en is aangenaam verras! Selfs die dékor het nie agtergebly nie. Rippel 90.5 spog met 'n nuwe ingangsportaal, kantore is ook geverf en meubels word stadig maar seker aangepas om by die nuwe kantore te pas.

Die webtuiste word ook tans onder die vergrootglas geplaas en sal binnekort ook 'n *facelift* kry! Wees op die uitkyk daarvoor by www.rippel.co.za! Die beste nuus van als is, dat jy nou selfs buite opvangsgebied na Rippel kan luister op die internet.

Die veranderinge is 'n duur oefening en daarom gebeur alles in fases. Ons is baie dankbaar dat ons reeds sover en kon opknap en sien uit na die dinge wat nog binnekort gedoen gaan word.

Ten spyte van verskeie veranderinge, bly Rippel 90.5 steeds toegewyd om luisteraars in te lig, op te voed, te inspireer en te vermaak met die beste musiek en programme. Die nuwe logo en identiteit is vir almal by Rippel 90.5 verfrissend en is nog meer gemotiveerd om die beste uitsaaidiens daar te stel vir luisteraars en adverteerders.

Luisteraars verwelkom al die veranderinge en is net so opgewonde soos almal by Rippel 90.5. Iemand het kwytgeraak: "Rippel 90.5 is soos goeie rooiwyn - elke dag beter!"

-René Ehlers

Rippel Mannekamp 14 – 16 November 2008

Links: Mannekamp 2008. Onder: Manne diep in gesprek met hul Skepper by Rippel 90.5 Mannekamp.

`n Mannekamp is 'n eilandsituasie, waar die man weggeneem word uit sy gewone dag-tot-dag- bestaan, en waar hy ander manne in sy vertroue kan neem om sy probleme te deel. Nogal verstommend te gaan hoor waaroor hulle moes praat. Raymond Dye van Helios Beradingsdienste was nader getrek weens, eerstens, sy betrokkenheid by Rippel, maar ook sy kennis en ondervinding om manne in 'n hoër versnelling te kry.

Die tema was "Manne van die Woord", en aktuele onderwerpe is bespreek: lofprysing, stiltetyd, manne se emosionele pyn, pa-kind-verhoudinge, die huwelik, en die man in die huis. Hoewel die program redelik besig was, was daar genoeg tyd om vriendskappe te bou, en manne hulle probleme, maar ook gebietinge, met mekaar kon bespreek.

Hoe kan 'n mens die sukses van so 'n kamp beoordeel? Wel, as manne hulle harte vir die Here gegee het, is daar 'n siele-oes. Dit het gebeur. As manne nuwe besluite geneem het, is daar verandering in hulle lewens. Dit het gebeur. As manne besluit het om dinge by die huis te gaan regmaak, en manne van die Woord te word, is daar gesinnne wat 'n nuwe pa en man terugkry. Dit het ook gebeur.

Hierdie kamp was gekenmerk deur 'n soek na God, na 'n hunkering om in 'n nuwe verhouding met Jesus Christus te staan, en om te weet dat Jesus dié Een is waar ons oplossings vir ons probleme kan gaan soek. Almal het versterk huistoe gegaan, en almal het net weereens besef dat Christenskap 'n integrale deel van ons lewensmondering moet wees.

Wie sal weet wat in elke huis gebeur het na afloop van die naweek? En wie sal weet hoe manne se denke oor God verander, as die Heilige Gees sy intrek geneem het? Ons gebed is dat die Here iets blywend in elkeen van ons kom doen het.

Die volgende Rippel Mannekamp is 14 - 16 November te Kwaggasrus, anderkant Brits. Die kamp sal dieselfde karakter hê, maar lekker speel insluit. Watter man kan dit weerstaan? Foefieslide ry, kleilat-gooi, swem, stap, wildkyk en sommer net laf raak, is die dinge wat op Kwaggasrus gaan gebeur.

Vroulief, as jy lus is vir 'n nuwe man in jou huis, stuur jou oue sodat die Here hom kan nuut maak. Spaar geld, hou die datum oop, en moenie dit mis nie. Wees verseker dat daar geen vreemde of ongemaklike situasies op die kamp sal gebeur nie. Let wel, niemand hoef iets te doen, of te sê, of aan deel te neem, waarmee hy ongemalik is nie! Kom ontspan en aanbid saam met manne wat dieselfde behoeftes en uitdagings as jy beleef.

Skryf so gou as moontlik in. Kontak vir Rina by (012) 349 2574 om jou plekkie vas te maak. Die koste beloop R390-00 per persoon, en sluit alles in. Gaan loer op www.heuning.co.za vir foto's en 'n artikel van die vorige kamp, en begin solank opgewonde raak!

Sien jou daar.

- Willem Botha